


Kosmopolitisme en die stad in *Al die lieflike dade* (2014) van Charl-Pierre Naudé

Andries Visagie, Universiteit Stellenbosch



Charl-Pierre Naudé, gebore 1958



Digbundels van Charl-Pierre Naudé

- *Die nomadiese oomblik* (1995) – bekroon met die Ingrid Jonkerprys
- *In die geheim van die dag* (2005) – bekroon met die Protea-prys vir poësie en MNetprys vir poësie
- *Against the Light* (2007) – omwerking in Engels van *In die geheim van die dag*
- *Sien jy die hemelliggame* (2008) – uitgegee in Nederland
- *Al die lieflike dade* (2014) – bekroon met SA Literary Awards

Kosmopolitisme in *Al die lieflike dade* met nadruk op die posisie van Afrika en die Afrikaanse digter.

1. Peiling van huidige denke oor die kosmopolitisme
2. Naudé se verwerking van kritiese visies op die kosmopolitisme soos uiteengesit deur Montesquieu en Jean-Jacques Rousseau
3. Naudé se siening van 'n verantwoorde kosmopolitiese lewenshouding
4. Gedigte vir toeligting:
 - “Voorwoord”
 - “Al die lieflike dade”
 - “Die meisie wat ‘Montesquieu’ nie kon spel nie”
 - “Continental interface”
 - “Jakobsleer”
 - “Op Doha, maar nie ek nie”

Herkoms van die denke oor die kosmopolitisme

- Diogenes se antwoord op 'n vraag na sy stad van herkoms: hy is nie 'n burger van 'n spesifieke stad nie, maar van die kosmos, van die wêreld.
- Sedertdien word die kosmopolitisme gesien as 'n verbintenis wat die universele bo die plaaslike stel.
- Diderot: “Ek stel my familie bo myself, my land bo my familie, die mensdom bo my land”

Die Afropolitisme van Achille Mbembe



Afropolitisme volgens Mbembe (2007)

- 'n Besef dat die hier en die daar met mekaar verweef word, 'n verstrengeling van dit wat elders is met dit wat hier voorhande is.
- Die relativisering van primêre wortels en affiliasies gepaardgaande met die omarming van dit wat vreemd, uitheems of verafgeleë is.
- Die vermoë om die self in die gesig van 'n buitelanders te herken en om die meeste te maak van die spoortekens van afstand binne die konteks van nabyheid, om waar nodig die onbekende te domestikeer en om moeite aan te gaan met dit wat klaarblyklik volstrek anders is.

“Voorwoord” in *Al die lieflike dade*

Die spreker kyk na homself as:

“n giftige, vleisetende,

lieflike

inheemsblom,

en wat is dit wat daar uitsteek – bo die kroonfrille –


voorwaar...

my eie kop”

Naudé se motto uit *Die gees van die wette* (1748)
van Montesquieu

“[Soms] beoordeel jy dade nie as goed of sleg nie maar as mooi; nie as regverdig nie maar groots; en nie redelik nie maar buitengewoon”.

Boek IV, hoofstuk 2



In *Die gees van die wette* skryf Montesquieu...

- ... dat kosmopolitiese hoflikheid nie 'n suiwer ontwikkeling is nie, maar dat trots aan die basis van hierdie hoflikheid lê;
- 'n onderskeidingsdrang wat inhou dat beleefdheid in werklikheid moet aantoon dat die kosmopoliet nie van nederige herkoms is nie en dus nie saam met die skuim van die aarde oor alle eeue heen uitgebrei het nie;
- 'n hoflike houding hou in dat 'n aangenome vernaamheid en grootsheid die plek van werklike grootsheid inneem omdat die howeling 'n geveinsde grootsheid hoër ag.
- Lieflike en grootse daede het binne hierdie konteks dus meer met afgeronde vormlikheid gemeen as met werklike deugdelike daede.

Die titelgedig oor 'n speledag in Arkadië wat Afrika en met mekaar Europa verbind:

[...] 'n Papegaai

gaan sit per ongeluk op 'n tere assegaai

want hy voel vere; toe doen

almal dit met groot onderdrukte lawaai.

“Lank lewe Afrika, al die lieflike dade!”

(Ander kontinente is ewe pertinent).

“Die meisie wat ‘Montesquieu’ nie kon spel nie”

Ek sien nou nog hoe smoorkwaad die bonkige onderwyser
sy stok vir die vensterwasser swaai en hom toesnou

dat hy nie “Montésk” kan spel nie “en so dom soos ’n kluit is”-
terwyl die verskrikte man buitekant niks daarvan kan uitmaak nie
[...]

“Kán jy Montesk spel, meisiekind?” eis die onnie van die nuweling.
Nee, Meneer,” en sy skud van skuheid vuurvliegies uit haar hare. (37)

Monteskee! Monteskee!

Soos apies wat skree,

Dae en weke en maande aaneen

Uit die woude van Madagaskar, die Ama-tydsones

Van geel en groen politieke klimate,

Die vryheidskreet van die glansvelprimaat

Die stadsgedigte in *Al die lieflike dade*

Stede wat histories die ontstaansbodems vir die meeste kosmopolitiese bloudrukke en waardestelsels was, word deeglik verreken in Naudé se verse al weerhou hy hom daarvan om omvattende uitsprake oor die stadsbestaan te maak.

“Continental interface”

Soos 'n sif

het hy gelyk.

Die lyk.

Van Patrice Lumumba.

O, die klinknaelknoppies.

Blinkertjies.

Versiering. (O, dieper betekenis!)

Van kuns. Wat alles

in die reine moet bring (67-68)

Gevolgtrekking

- “Continental interface en “Jakobsleer” is op uiteenlopende maniere demonstrasies van die prosesse wat op die spel is wanneer die behoefte ontstaan om vanuit die bloed en slym van lokale kontekste ’n denkraamwerk te abstraher wat moontlik kosmopolitisme genoem kan word.
- Die digter erken dat ’n bepaalde ontstygning plaasvind in die lieflike dade, die digterlike vertoon wat met die soeke na ’n gepaste kosmopolitisme gepaard gaan.
- Die kritiek van Montesquieu teen die Franse adelstand oor die gekunstelde, vormlike en uiteindelik geveinsde eindresultaat van kosmopolitiese projekte in die kunste bly dus steeds relevant.

- Ook wanneer die kunstenaar erns maak met die insluiting van plekke, groepe en kulture wat steeds buite die reikwydte van kosmopolitiese skynwerpers in die bevoorregte Noorde staan, is daar min waarborge dat sy eie bemoeienisse en “redresepte” ’n onfeilbare alternatief sal kan bied.
- Soos Charl-Pierre Naudé in die slot van die gedig “Op Doha, maar nie ek nie”, ’n gedig oor ’n spreker in transit, voorlopig te kenne gee, is dit die taak van die kosmopoliet, wat die wêreld met ’n uitgesproke verantwoordelike gevoel as sy tuiste beskou, om te werk met die

“nag wat bestek neem van gevare

in die vreemde en ewe verbygaande ruimte wat ons noem ons eie huis”